DESEMBER

Donderdag 1 Desember 2011
MIV/VIGS fokus: Nasionale Vigs-hulplyn
Die Nasionale Vigs-hulplyn, verskaf 'n vertroulike, anonieme 24-uur tolvrye telefoonberadings-, inligtings- en verwysingsdiens vir mense wat deur MIV of VIGS geïnfekteer is of geraak word. Die hulplyn word deur opgeleide lekeberaders beman. Hulle ontvang daagliks, gemiddeld 3 000 oproepe en word beskou as die toonaangewende telefoonberadingsdiens binne die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) streek. (Nasionale Vigs-hulplyn 0800 012 322. Webruimte: http://www.aidshelpline.org.za). Prys die Here dat Hy gebede op dié wyse beantwoord. Bid ook dat beraders die geleentheid sal hê om Jesus Christus as enigste oplossing vir inbellers se probleme voor te hou.

Fokus op 16 Dae van Aktivisme teen Gesinsgeweld (25 Nov – 10 Des 2011)
Onredelike verwagtings van die aanvaller
Onvervulde verwagtings kan baie spanning in enige verhouding veroorsaak. Hier volg 'n paar van die verwagtings wat jyself teenoor ander mag koester of dinge wat mense van jou mag verwag. *Spandeer 'n bietjie tyd en dink na oor die volgende. Vra die Here om jou te help om heeltemal eerlik met Hom te wees. Bely al die dinge waaraan jy skuldig is. Vra die Here om jou te help om almal wat afbrekende woorde teenoor jou gebruik, volkome te vergewe. Bid ook vir 'n deurbraak vir diegene wat jy weet wat soortgelyke probleme moet hanteer.*

Onbillike verwagtings van aanvallers: (1) Jy (verwysend na die ander persoon) mag nie soveel konflik in ons verhouding veroorsaak nie. (2) Jy sal altyd my standpunt insien as jy my waarlik liefhet. (3) Jy sal dinge altyd doen soos ek sê as jy lojaal is aan my. (4) Jy mag nooit vir my kwaad raak want ek kan dit nie hanteer nie. (5) Jy mag altyd net op my staatmaak om al jou behoeftes te bevredig. (6) Jy mag jou geluk net by my soek. (7) Jy sal my altyd nodig hê om jou geborge te laat voel. (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Vrydag 2 Desember 2011
Fokus op 16 Dae van Aktivisme teen Gesinsgeweld (25 Nov – 10 Des 2011)
Hoe lyk mense wat konflik vermy ten koste van probleem-oplossing?
Elke mens ontwikkel sy eie manier om reeds van 'n vroeë ouderdom af, konflik te hanteer. Ons "baklei" elkeen op ons eie manier en leer dit reeds vroeg aan. Hoe ons baklei word beïnvloed deur natuurlike instink, persoonlikheid en die dinamika in die gesin. Baie van ons weet nie hoe om konflik te ontlont nie, omdat ons aanhoudend die ekstreme patrone van ons kinderjare van aanval en vermyding herhaal. Die probleem in beide gevalle (aanval en vermyding) is dat nie een van die twee, die genade wat tot die beskikking van die kind van die Here is, benut nie (Heb.12:15). *Neem tyd en dink na oor die volgende stellings. Vra die Heilige Gees om aan jou die areas in jou lewe te wys waar jy konflik vermy i.p.v. hanteer. Bely hierdie omstandighede voor die Here en vra Hom om jou te verander sodat jy jou lewe soos Jesus Christus kan lewe.*

Mense wat konflik ten alle koste vermy is dikwels passief en na binne gekeer: (1) Die persoon wat onttrek: Die persoon wat onttrek van dit wat moeilik, gevaarlik of onaangenaam is. Hou homself/haarself dom. Gee een-woord antwoorde. Onttrek. Verkies geheimhouding. Laat jou skuldig voel as jy vrae vra. (2) **Inskiklikheid**: Iemand wat op die een of ander manier emosioneel of andersins in die skuld is by 'n familielid of vriend en waar die persoon 'n houvas op hom/haar het. Vermy besluitneming. Gemaak onskuldige. Kom aangenaam en innemend voor. Vermy betrokkenheid ten alle koste. Maak verskille af as onbelangrik. (3) **Iemand wat die feite verdraai:** is agterbaks, gebruik

foefies, het allerhande verskonings. Gebruik slim verweer, ontwykend. Verdraai en verbuig die waarheid. Beskuldig ander. Vermy "ek"- stellings. Kom ons bid dat God ons en mense naby aan ons sal vry en nuut maak sodat verhoudings kan herstel en God geëer kan word. (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Pray 52: Week 14: Jordanië / Tsjad (2-8 Des 2011)
Bid vir die oprig en groei van nuwe gelowiges in Christus (Fil.4:19). Bid vir die kerk in Jordanië en Tsjad dat hulle spesiaal tyd sal maak vir gebed vir die kerk, land en volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 3 Desember 2011
Fokus op 16 dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld (25 Nov – 10 Des 2011)
Onvervulde behoeftes wat mense wat konflik vermy aanspoor
Ons maak steeds ons harte voor Hom oop. Spandeer vandag weer tyd om hierdie stellings te oordink. Vra die Heilige Gees om aan jou areas in jou lewe te wys waar jy genesing en oorwinning van Hom verlang. Bely dit voor Hom en vra Hom om jou te verander sodat jy jou lewe soos Jesus Christus kan lewe.
Mense wat konflik vermy voel onveilig: Mense wat konflik ten alle koste vermy is dikwels passief en na binne gekeer: (1) Die persoon wat onttrek: Die persoon wat onttrek van dit wat moeilik, gevaarlik of onaangenaam is. Hou homself/haarself dom. Gee een-woord antwoorde. Onttrek. Verkies geheimhouding. Laat jou skuldig voel as jy vrae vra. (2) Inskiklikheid: Iemand wat op die een of ander manier emosioneel of andersins in die skuld is by 'n familielid of vriend en waar die persoon 'n houvas op hom/haar het. Vermy besluitneming. Gemaak onskuldige. Kom aangenaam en innemend voor. Vermy betrokkenheid ten alle koste. Maak verskille af as onbelangrik. (3) Iemand wat die feite verdraai: is agterbaks, gebruik foefies, het allerhande verskonings. Gebruik slim verweer, ontwykend. Verdraai en verbuig die waarheid. Beskuldig ander. Vermy "ek"- stellings. Kom ons bid dat God ons en mense naby aan ons sal vry en nuut maak sodat verhoudings kan herstel en God geëer kan word. (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Pray 52: Week 14: Jordanië / Tsjad (2-8 Des 2011)
Bid vir die oprig en groei van nuwe gelowiges in Christus (Fil.4:19). Bid vir die kerk in Jordanië en Tsjad dat hulle spesiaal tyd sal maak vir gebed vir die kerk, land en volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 3 Desember 2011
Fokus op 16 dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld (25 Nov – 10 Des 2011)
Onvervulde behoeftes wat mense wat konflik vermy, aanspoor
Ons maak steeds ons harte voor Hom oop. Spandeer vandag weer tyd om hierdie stellings te oordink. Vra die Heilige Gees om aan jou areas in jou lewe te wys waar jy genesing en oorwinning van Hom verlang. Bely dit voor Hom en vra Hom om jou te verander sodat jy jou lewe soos Jesus Christus kan lewe.

Mense wat konflik vermy voel onveilig: (1) Mense wat onttrek doen dit soms om veilig te voel. Kinders wat in gesinne groot word waar woede nie beteuel word nie, konflik nie aangespreek word nie en waar hulle min positiewe ervarings het, word mettertyd grootliks deur 'n behoefte aan vrede gemotiveer. Kinders wat onveilig voel, maak "veilig wees" die doel van hulle lewe. Hulle probeer hulleself voortdurend teen "gevaar" beskerm. Deur in hulleself te keer en hulleself emosioneel van

ander af te sny, voel hierdie mense vir ‘n rukkie veilig. (2) Die doel van gedienstigheid is om aanvaar te word.Daar is kinders wat groot word met kritiek en negatiewe terugvoering en nooit gekomplimenteer of geprys word deur die belangrike volwassenes in hulle lewens nie. Hierdie kinders ontwikkel ongesonde behoeftes aan aanvaarding. Kinders wat nie aanvaarding ervaar het nie, word die klassieke voorbeeld van die persoon wat ander altyd tevrede wil stel. Hulle doen alles in hulle vermoë om almal om hulle gelukkig te hou sodat hulleself nie gekritiseer of verwerp sal word nie. Só voel hulle dat hulle aanvaar word, al is dit net tydelik. (3) Om die waarheid te verdraai, is dikwels ‘n poging om moeilikheid te vermy. Kinders met ‘n gebrek aan moed om standpunt in te neem, kom agter dat as hulle slim en ontwykend is, hulle eerder moeilikheid vermy as wanneer hulle eerlik en op die man af is. Kinders wat oorbeskermd groot word, ‘n baie dominerende ouer het, kinders wat nie vasgestelde grense het of persoonlike aanspreeklikheid vir hulle dade aanvaar nie, word ook gemotiveer deur die behoefte aan selfvertroue. (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Sondag 4 Desember 2011
Herlewingsfokus: Wat moet ek bid? Vir skole en kolleges
Wat My betref, sê die Here, dit is my verbond met die volk: my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê, sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie (Jes.59:21). Die toekoms van die kerk en die wêreld word grootliks bepaal deur die opvoeding wat ons aan ons kinders gee. Die kerk mag daarna streef om die ongereddes te evangeliseer, maar kan terselfdertyd sy eie kinders in die mag van sekulêre en materiële invloede laat beland. Bid vir skole en kolleges en dat die kerk sy belangrike verantwoordelikheid om vir sy kinders te sorg, sal verstaan en nakom. Bid vir godvresende onderwysers.

Fokus op 16 dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld (25 Nov – 10 Des 2011)
Die moeilikste konflik om op te los (Deel 1)
Hoekom is konflik met die Here so erg? Toe die Here jou geskape het, het Hy ‘n plan vir jou gehad. As jy weier om jou wil aan Sy wil ondergeskik te stel, loop jy Sy plan en doel vir jou lewe mis. Dit beteken dat daar konflik is tussen jou en Hom – die Een Persoon wat jou lief het en jou gemaak het. Die Here wil ‘n verhouding met jou hê. Dan kan Hyself die spesifieke doel waarvoor Hy jou geskape het, vervul. Die Here sê: Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester...gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ‘n hoopvolle toekoms te gee (Jer.29:11).

Los jou konflik met die Here op: **Daar is vier geestelike waarhede waarvan ons moet weet**: (1) Erken die probleem: Ons (net soos enige ander persoon) het gekies om te sondig. Ons het almal oortree, ons het almal gesondig – nie een van ons is volmaak nie. Elke keer dat ons kies om ons eie pad te stap, nie die Here se pad nie, is ons in konflik met Hom. Die Bybel sê dat ons sondig (Jes.53:6). (2) Verstaan die situasie: Ons sonde skei ons van die Here. Omdat die Here sonder sonde is (Hy is foutloos), stel ons sonde ons in konflik met Hom. Hierdie geestelike konflik het straf tot gevolg. Die Bybel sê die gevolg van ons sonde is dat ons nie in die teenwoordigheid van die Here toegelaat sal word nie. Hierdie skeiding is geestelike dood (Jes.59:2; Rom.6:23). Ons moet die saak met die Here uitmaak. Hy nooi ons in Jes.1:18 om met Hom die saak te kom uitmaak en vergifnis te kry. (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Maandag 5 Desember 2011
Fokus op 16 dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld: (25 Nov – 10 Des 2011)
Die moeilikste konflik om op te los (Deel 2). Hoe om ons konflik met die Here op te los: **Daar is vier geestelike waarhede waarvan ons moet weet**: (3) Daar is voorsiening: Die Here het daarvoor voorsiening gemaak dat ons van die gevolge van die geestelike dood kan ontkom. Sonde is ‘n ernstige

saak omdat dit ons van die Here skei. Omdat die Here regverdig en heilig is, kan Hy nie ons oortredings ignoreer nie. Maar terselfdertyd het Hy ons lief en wil Hy nie hê dat ons van Hom geskei word nie. Hy moet sonde straf, maar dit is nie Sy wil dat ons moet sterf en vir altyd van Hom geskei moet wees nie. Dit is hoekom die Hemelse Vader Sy eie Seun, Jesus, aarde toe gestuur het om aan die kruis te sterf vir ons sondes – Jesus het werklik gekies om die straf vir ons sondes te betaal. Ons moes gesterf het, maar in plaas daarvan, het Hy vir ons gesterf (Rom.5:8). (4) Ons moet kies: Ons kan nou vanaf geestelik dood na geestelike lewe oorgaan en die Sy vrede ervaar. Ons moet die Here se vergifnis volgens Sy voorskrif verkry. Ek moet erken dat Jesus Christus gesterf het as my plaasvervanger en Hom dan vra om in my lewe te kom en beheer van my lewe te neem. Dit is God se plan en die enigste aanvaarbare plan. Jesus het gesê: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie (Joh.14:6). Deur in Jesus alleen te glo en te vertrou dat net Hy die straf vir ons sondes betaal het en deur ons wil aan Hom te oor te gee, is ons sondes in der waarheid vergewe. Wanneer ons vergewe is, is ons nie net skoongewas van al ons sondes nie (verlede, hede en toekoms), maar het ons ook vrede met die Here en is dus nie meer in konflik met Hom nie. (Joh.3:16-17). As ons begeer om vrede met die Here te hê – sodat ons nie meer met Hom in konflik is nie, moet ons dit vir Hom vanuit ons hart en in eenvoudige, opregte gebed sê. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus (Fil.4:7). (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Fokus op Moslems: Ashura

Ashura is op die 10de Muharram, die eerste maand van die Islamitiese kalender. Vir die Soenies, gedenk Ashura die uittog van Moses uit Egipte en word dit gewoonlik gevier deur ‘n opsionele vas, volgens die voorbeeld van die Profeet Mohammed. Vir die Sjiïete, is dit die herdenking van die tragiese dood van die Profeet se kleinseun, Hussein aan die hand van die Umayyad heerser, Yazid. Vir die Sjiïete word die dag met rou deurgebring en dikwels ook met uitbeeldings van die tragiese gebeure. (Webruimte: http://tinyurl.com5s6l25f). Bid asseblief dat talle Moslems vandag ‘n persoonlike openbaring van Jesus sal beleef en hulle lewens aan Hom sal oorgee.

One Day in the Gap: Onthou om vir ‘n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 6 Desember 2011

Fokus op 16 dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld (25 Nov – 10 Des 2011)

Wat is huwelikskonflik?

Elke huwelik gaan deur konflik van die een of ander aard. Daar is in die meeste huwelike ernstige meningsverskille en argumente is nie ongewoon nie. Huweliksmaats is soms knorrig en onvriendelik teenoor mekaar. Hulle verloor soms hulle humeur en ontplof teenoor mekaar. Van tyd tot tyd sal daar gestry word vir beheer oor ‘n bepaalde saak. Al hierdie dinge is deel van die normale spanning en konflik wat noodwendig voorkom wanneer ‘n onvolmaakte man en vrou saam lewe in ‘n huweliksverhouding. Vra die Heilige Gees se hulp om elke dag se verskille deur gebed na die Here te bring. Maak tyd om jou hart voor die Here uit te stort, veral oor dié sake waaraan die Heilige Gees jou herinner. Maak “reg” waar jy tot dusver “verkeerd” was. Bid dan vir ‘n sagte en ‘n liefdevolle hart in al jou verhoudings – of dit nou met jou gade, jou gesin, by jou werk of waar ookal is. (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Woensdag 7 Desember 2011

Fokus op 16 dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld (25 Nov – 10 Des 2011)

Wat is geweld in die huwelik?

Of dit fisiese geweld is of nie, geweld in die huwelik is baie ernstiger as huwelikskonflik. Die belangrikste verskil is dat geweld in die huwelik 'n eensydige, onderdrukkende verhouding is waar een party voortdurend ongesonde beheer uitoefen. Daar mag steeds vrede en toegeneentheid wees, maar die goeie tye staan in die skaduwee van subtiele, of selfs openlike onderdrukkende taktieke wat die skuldige party gebruik om sy/haar wil op die ander een af te dwing.

Lees deur die volgende voorbeelde en vra die Heilige Gees om jou te oortuig van moontlike mishandeling (fisies of geestelik) waaraan jy skuldig mag wees. Bekeer jou hiervan voor die Here en voor jou huweliksmaat. Indien jy 'n slagoffer van mishandeling is, bring dit ook na die Hom toe en vra Hom om jou te help om jou huweliksmaat te vergewe. Vra die Here ook vir 'n deurbraak in elke opsig van julle huweliksverhouding. **Voorbeelde**: Die skuldige party probeer sy/haar maat verhoed om familielede te sien of om saam met vriende uit te gaan. Hy/sy kan ook probeer beheer uitoefen oor met wie hulle gade praat, waar hulle heen gaan of hoe en waar geld spandeer word. Hulle vereis dikwels al hulle maat se aandag. Hy/sy laat die ander doelbewus skuldig voel omdat hulle met ander mense praat of dinge saam doen. Die maat se behoeftes word beskou as 'n inbraak of minagting van sy/haar eie behoeftes. Buitensporige jaloesie en vals beskuldigings van ontrouheid kom ook voor. Wáár die ander persoon is, word voortdurend gemonitor en nagegaan. Die slagoffer word dikwels verkleineer of teen uitgevaar wanneer die skuldige nie sy/haar sin kry nie of as hy/sy verlate voel of "verraad" vermoed. Dreigemente van egskeiding, fisiese aanranding of die vernietiging van 'n kosbare besitting word gebruik om die slagoffer mee te intimideer of te "straf". (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Donderdag 8 Desember 2011
Fokus op 16 dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld (25 Nov – 10 Des 2011)
Die verskil tussen "normale" en "onderdrukkende" huwelikskonflik
Normale huwelikskonflik voel soms veel erger as wat dit in werklikheid is. Dit word ook mettertyd minder omdat die verhouding op liefde gebou word - want die liefde sal 'n menigte sondes bedek (1 Pet.4:8). Hierdie belangrike fondament ontbreek jammerlik in 'n huwelik waarin daar geweld voorkom. Omdat die oortreder se hart vol buitensporige selfsug is, sal die geweld in die huwelik algaande vererger as dit nie direk aangespreek word nie, maar mens moet ook nie sonder meer "die slegste moontlike scenario" oor jou eie of iemand anders se situasie aanvaar nie. Bring die saak na die Here in gebed. Gesels met 'n betroubare mentor en bid saam. Begin die Here vra vir wysheid oor hoe om die basiese verskille wat nie voorheen aangespreek is nie, op te los. Vra Hom om jou hart te genees, om jou te help om jou huweliksmaat en jouself te vergewe vir dinge wat julle gedoen het. Wanneer die tyd reg is, maak reg waar jy verkeerd was. Dit wat vir mense onmoontlik is, is nie vir God onmoontlik nie. Ons kan nie – Hy kan. (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Vrydag 9 Desember 2011
Fokus op 16 dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld (25 Nov – 10 Des 2011)
Die verskil tussen "normale" en "onderdrukkende" huwelikskonflik
Nog 'n belangrike verskil is dat normale huwelikskonflik en geweld in die huwelik verskillende vlakke van ingryping benodig. Daar is getroude pare wat vir normale konflik die hulp van 'n objektiewe, wyse derde party benodig. Baie kan egter, op die ou end, self deur hulle verskille werk. Wanneer daar gereelde en ernstige, emosionele en fisiese mishandeling in die huwelik voorkom, is dit, as gevolg van veiligheid en die oortreder se oordrewe fokus op self sowel as die onophoudelike klagtes dat hy/sy eintlik die slagoffer is, baie moeiliker en 'n meer gekompliseerde proses om beide die geweld en die herstel van die verhouding in die huwelik aan te spreek. Dit vereis gewoonlik deskundige hulp van buite wat leiding, ondersteuning en beskerming vir die slagoffer kan bied, terwyl die oortreder gekonfronteer en aanspreeklik gehou word. Bid vir diegene wat op die oomblik by huweliksberading betrokke is. Bid

spesiaal vir die oortreders, dat die Here vir hulle sagte harte sal gee, (Eseg.36:26) sodat hulle kan besef wat die impak van hulle gedrag is. (Lees gerus: Self-pity deur Henry W Wright). (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Pray 52: Week 15: Oman / Togo (9-15 Des 2011)
Bid vir die redding van die ongereddenes en dat die kerk 'n ernstige poging sal aanwend om Christus se opdrag in Matt.28:19-20 uit te voer. Bid vir die kerk in Oman en Togo dat hulle spesiaal tyd sal maak vir gebed vir die kerk en hulle land en volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 10 Desember2011
Fokus op 16 dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld (25 Nov – 10 Des 2011)
Hoe weet ek dat my huweliksmaat regtig wil verander?
Oortreders wat werklik ernstig is om hulle patroon van huishoudelike mishandeling te verander, sal instem om individuele berading (onafhanklik van die slagoffer) te ontvang. Die individuele berading is daarop gemik om die oortreder meer daarvan bewus te maak en insig te gee in hoe hy/sy probeer om hulle eggenoot te beheer. Hulle moet kan insien watter skade dit aan die huweliksverhouding doen en ook verstaan hoekom hulle so 'n diepgewortelde behoefte het om hulle eggenoot te domineer en vol te hou met hulle "ek is die slagoffer" mentaliteit. Gesamentlike berading is slegs moontlik wanneer die oortreder ophou om hom-/haarself as die slagoffer in die huwelik te beskou, ophou met al die verskonings en konsekwent hulle patroon van beheer en die skade wat dit berokken het, erken. Bid vandag vir jouself en iemand wat jy weet berading nodig het. Vra die Heilige Gees om jou/hulle oë te open sodat julle die omstandighede met **God se hart** kan verstaan en foute eerlik kan erken en herstel. Bid vir die wat berading ontvang, dat God mense sal verander sodat hulle Jesus se onvoorwaardelike liefde vir hulle sal verstaan en aanvaar. (Verskeie bronne en hulpmiddels is gebruik in die reeks, maar spesifiek die boek deur June Hunt: *Biblical Counseling Keys*).

Sondag 11 Desember 2011
Fokus op herlewing: Hoe om te bid? Moet God nie beperk nie
Vanweë hulle ongeloof het Hy daar nie baie wonderwerke gedoen nie (Matt.13:58). Is iets te buitengewoon vir die Here? (Gen.18:14). *Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur u groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie* (Jer.32:17) *… Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?* (Jer.32:27). Wees versigtig hoe jy tot God bid, dat jy Hom nie teleurstel nie – nie net deur ongeloof nie, maar dalk ook deur jou te verbeel dat jy reeds weet wat Hy kan doen. Verwag die onverwagte, bo enigiets wat ons vra of dink. Elke keer wanneer jy bid, raak eers stil en aanbid God in Sy heerlikheid. Dink aan wat Hy kan doen, aan die vreugde wat dit vir Hom is om na Jesus se gebede te luister, en dan, vanuit daardie plek in Christus verwag dan groot dinge van God. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Christus bo alles**: Vader, gee aan die kerk in Suid-Afrika die genade om ten volle te verstaan dat U alles onder Jesus se voete geplaas het en Hom as hoof oor alle sake van die kerk, wat Sy liggaam is, aangestel het sodat deur Hom, almal met sy volheid vervul sal wees. (Ef.1:22).

Maandag 12 Desember 2011
Fokus op redding: Bagasie kontrole-offisiere
Daar gaan daagliks letterlik honderde stukke bagasie verlore op verskillende lughawens, stasies en hawens. Dikwels is dit georganiseerde sindikate wat 'n bestaan maak uit gesteelde goedere. Bid

asseblief vir die bagasie kontrole-offisiere dat hulle nie betrokke sal raak by hierdie sindikate vir onwettige gewin nie. Vra vir hulle radikale redding en dat deur hulle getuienis, hierdie sindikate ontmasker en effektief buite werking gestel sal word, sodat God so vereer sal word as die Een wat gebede beantwoord.

Fokus op die Kinder Gebedsnetwerk in Suid-Afrika (CPNSA)
Dankie vir jou gebede vir die Kinder Gebedsnetwerk. Hou asseblief aan met bid vir wysheid, strategie en insig om **God se hart** vir kinders te kan hê. Vra vir die ontwikkeling van nuwe materiaal om kinders uit verskillende agtergronde, te leer bid. Vra ook dat Hy ons sal wys hoe om afgetredenes te betrek om vir kinders te bid. (CPNSA. Posbus 24124, Drie Riviere Oos, Vereeniging, 1941. Sel.: 083 537 9770 of faks: 0866 729 758. Webruimte: www.cpnsa.co.za of e-pos: pray@mweb.co.za).

One Day in the Gap: Onthou om vir 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 13 Desember 2011
Fokus op verslawing en gesinne
Op straat word dagga verskillede name genoem: Joint, Grass, Zol, Skyf, Boom, Slow Boat, Pyp, Dope, Poison Weed, ens. Tekens van verslawing sluit in buitengewone honger of dors, ooglede wat hang, rooi oë, versteurde waarnemingsvermoë en onverwagte giggelbuie. Op straat word Ecstacy, Lovedrug, Scoobie Snacks, Hugdrug, Disco Biscuits, A's, Popeye, ens. genoem. Tekens van verslawing is vergrote pupille, onbeheersde bewegings (mond, neus, oë), tande kners en 'n droë mond. Wees op die uitkyk vir van hierdie tekens by jou eie en vriende se kinders ens. Vra die Here Jesus om jou te wys hoe jy hierdie individue kan bereik, hulle vertroue kan wen en kan help om vry te kom van hulle verslawing en terselfdertyd ook vir innerlike genesing vir hulle emosionele wonde. Verslawing is 'n poging om emosionele pyn en verwonding uit te doof.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Roeping**. Vader, ons bid voortdurend dat U ons waardig vir U roeping sal ag en dat ons in U krag elke opdrag van U sal uitvoer en dat alles wat ons doen, deur geloof geïnspireer sal wees. Ons bid dit sodat die naam van ons Here Jesus Christus verheerlik sal word. (2 Tess.1:11-12).

Woensdag 14 Desember 2011
Fokus op verslawing en gesinne
'n Geneigdheid tot verslawing: 'n Geneigdheid is 'n inherente begeerte wat jou verplig om op 'n sekere manier op te tree onder bepaalde omstandighede. (Ps.58:3). 'n Impuls is 'n skielike, spontane emosie wat jou voortvarend laat optree. (Pred.5:2). 'n Gewoonte is gedrag wat dikwels herhaal word. (2 Kon.17:40). 'n Obsessie is 'n aanhoudende, steurende beheptheid met 'n onaanvaarbare idee. (Hand.26:11). Dwang is 'n onweerstaanbare, irrasionele impuls om teen jou eie beterwete op te tree. (1 Kor.7:37). Verslawing is 'n gedwonge, oorweldigende afhanklikheid van 'n objek, 'n handeling of 'n gevoel wat ernstige probleme in jou lewe veroorsaak. (Tit.2:3). Spandeer tyd alleen saam met die Here. Lees bostaande Skrifte en vra die Heilige Gees om jou te help om jou lewe in oënskou te neem. Baie van ons het obsessiewe neigings, impulse, ens. Kyk na die dinge in jou eie lewe waarin jy 'n deurbraak nodig het en bid gedurende hierdie vakansietyd daardeur.

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed
Bid by name vir die Here se seën sodat gebedswagte sal groei en stewig gevestig sal word: Die Morawiese Kerk in Mamre (Brenda, tel.: 021 576 0701) en die De Rust Gebedswag in Durbanville (Maisie, sel.: 071 991 1110, e-pos: hendrine@mweb.co.za). Hou aan met bid dat die Here Sy Gees van gebed en smeking op elke huis van gebed dwarsoor die wêreld sal uitstort. (Sag.12:10). Vra vir krag vir

elke bidder, volharding en onderlinge eenheid tussen die leiers, guns by gelowiges en nie-gelowiges in die omliggende gemeenskappe en die nodige fondse en persele vir elke huis van gebed, sodat elkeen met die werk kan voortgaan.

Donderdag 15 Desember 2011
Fokus op verslawing en gesinne
Die name op straat vir Crack is Crack of Rock. Tekens van verslawing sluit in: 'n oormaat energie, té selfversekerd, spuit merke aan die arms, paranoia, aggressie, angstigheid, neus wat loop (nie verkoue nie), neusbloeding. Mandrax is op straat ook bekend as Buttons, Witpyp, Flowers, Mandies, Cremora, Whites, Volkswagen, Macerena, ens. Tekens van verslawing sluit in geel vlekke op die hande, stadig dink, gebrek aan konsentrasie, emosionele uitbarstings. Bid vandag spesifiek vir die redding van dwelmsmouse. Vra die Here dat hulle Sy liefde vir hulle sal verstaan. Bid dat hulle veilig sal kan wegstap van die dwelmnetwerke waarby hulle betrokke is. Baie wat probeer wegkom, word verhinder. Bid dat die dwelmbase, vir wie hulle werk, self ook by die Here Jesus sal uitkom. Bid voortdurend dat dwelmnetwerke landwyd vernietig sal word.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Dra siele op jou hart**: Bid dat die Here Sy mense sal vul met 'n Goddelike passie vir die redding van mense. Dit is net Hy wat jou kan inspireer om werklik siele op die hart te dra. Bid voortdurend, by name vir ongeredde siele. (Rom.9:1-3). Wanneer 'n ongeredde persoon se naam by jou opkom kan jy dadelik vir so 'n persoon bid en dit 'n lewenslange gewoonte maak.

Vrydag 16 Desember 2011
Fokus op Versoeningsdag
Vandag word as 'n dag van versoening in Suid-Afrika gevier met die doel om konflik van die verlede te oorkom. Baie mense van verskillende tale en stamme sal vandag vir feesvieringe bymekaar kom. Bid asseblief dat die Here Sy Gees op al die mense van Suid-Afrika sal uitstort, sodat almal vir die eerste keer of opnuut 'n bonatuurlike openbaring sal hê van versoening met ons hemelse Vader wat vir elke mens, deur Jesus Christus, moontlik gemaak is. Vra dat Hy in die harte van mense van elke stam in ons land, 'n onvoorwaardelike vergewensgesindheid teenoor mekaar sal teweegbring, sodat miljoene se harte sal verander en hulle die Here sal volg.

Pray 52: Week 16: Koeweit / Senegal (16-22 Des 2011)
Vra die Vader om opnuut weer die Gees van gebed en smeking op Sy kerk uit te stort (Sag.12:10). Bid vir die kerk in Koeweit en Senegal dat hulle spesiaal tyd sal maak vir gebed vir die kerk en hulle land en volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 17 Desember 2011
Gebedsfokus: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Bid vandag asseblief vir al die personeel (en hulle gesinne) van Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk en spesifiek vir fisiese gesondheid, veiligheid en beskerming teen geestelike verdrukking. Bid dat God nuwe deure sal oopmaak wat gebed as 'n lewenswyse sal vestig in verskillende aspekte van elkeen se lewe, sodat Christene rondom ons aangespoor sal word om na die Here te roep. Bid steeds saam met ons dat gebedsmateriaal die bestemming sal bereik, veral die Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids. Bid asseblief ook vir finansiële ondersteuning sodat die werk kan voortgaan. (Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk. Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 086 594 0565. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Broederliefde**: Vader, maak dit asseblief moontlik dat U kinders in die kerk in Suid-Afrika mekaar met hulle hart, siel, verstand en krag, sal liefhê. (Matt.22:39).

Sondag 18 Desember 2011

Fokus op redding: Wat moet ek bid? Vir die krag van die Heilige Gees in Sondagskole en kinderkerke

So sê die Here: 'n Soldaat se gevangene kan ontset word, selfs 'n man met baie mag se buit kan afgeneem word. Ek is 'n vyand van jou vyand en Ek sal jou kinders red (Jes.49:25). Elke deel van die werk van God se kerk is Sy werk. Hý moet dit verrig. Gebed is die bekentenis dat Hy – omdat ons onsself aan Hom oorgee en Hom toelaat – die werk in en deur ons sal doen. Bid vir die honderdduisende individue verantwoordelik vir Sondagskoolonderwys / Kategete / Jeugwerkers en kinderkerke, dat elkeen God persoonlik sal ken en met die volheid van Sy Heilige Gees vervul mag word. Bid vir die redding van die kinders. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

Maandag 19 Desember 2011

Fokus op redding: Swaar vragvoertuig drywers en laaiers

Daar is al hoe meer swaar vragvoertuie op paaie in Suid-Afrika omdat Transnet Spoorvrag nie meer kan voldoen aan die eise van landwye vervoer nie. Mense wat hierdie voertuie bestuur doen dit die hele dag lank en dikwels ook dwarsdeur die hele nag. Bid asseblief vir die redding van hulle siele, hulle veiligheid en dat hulle op en wakker sal wees. Meer nog, dat hulle getrou aan hulle vrouens sal bly terwyl hulle op die pad is. Bid dat hulle die Here Jesus sal ontmoet, veral deur middel van die radio, terwyl hulle bestuur.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Gebroke verhoudings**: Niks doof die teenwoordigheid en krag van die Heilige Gees meer uit as gebroke verhoudings tussen gelowiges nie. Bid dat gebroke verhoudings onder gelowiges weer herstel sal word. Vra Jesus Christus om die werk van die Satan waar hy in verhoudings skade gedoen het, tot niet te maak en genesing te bring. Vra die Here om die onvergewensgesindheid of bitterheid, wat Sy Heilige Gees bedroef, met wortel en tak uit te haal. (Ef.4:27).

One Day in the Gap: Onthou om vir 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 20 Desember 2011

Fokus op verslawing en gesinne

LSD word op straat ook Candy, Microdots, Acid, Superman, Smily, Cap, Mickey Mouse, ens. genoem. Tekens van verslawing is 'n emosionele wipplankryery, paranoia en hallusinasies. Tik se straat name is Speed, Meth, Crystal, Crank, Tina, Glass, ens. Tekens van verslawing is aggressie, gewigsverlies, om onnatuurlik vinnig te praat, gereelde hoofpyne, té veel selfvertoue, paniek, geen eetlus, slapeloosheid, vergrote pupille en uiterste gemoedskommelings. Hierdie twee dwelms veroorsaak baie skade in die lewens van veral jong mense. Bid dat die plekke waar die dwelms vervaardig word, ontdek sal word en deur die polisie tot niet gemaak sal word. Vra dat daar voorsiening sal wees vir diegene wat wil rehabiliteer en vra die Here se beskerming oor die personeel van dwelm rehabilitasie-sentrums landwyd.

Fokus op die Jode: Hanukkah

Hanukkah – wat "toewyding" beteken – is 'n fees wat Jesus ook gevier het (Joh.10:22) en word vanaf 21-28 Desember 2011 gevier. Dit herdenk die oorwinning van 'n handjievol Israelies oor die Griekse Ryk, wat Israel in die vroeë geskiedenis beset het. Die Jode is gedwing om hulle geloof af te lê en die Torah te verbrand (die 5 boeke van Moses). Die Tempel is ontheilig deurdat daar 'n vark geslag is en 'n

beeld van die Griekse god Zeus daar opgerig is. 'n Klein groepie mans het vasgestaan in hulle geloof (167 vC) en 'n teenaanval geloods. Drie jaar later is die Tempel gereinig en hertoegewy. Hierdie fees word steeds gevier. Kerse word elke nag vir 8 nagte lank aangesteek. Die middelste kers word die "dienskneg" genoem. Bid vir die mense van Israel en die Jode wêreldwyd gedurende hierdie feestyd. Bid dat die Here, deur Sy Gees, Jesus aan hulle sal openbaar, die Lig van die wêreld wat as Dienskneg gekom het en wat as Koning sal terugkeer. (Christian Friends of Israel. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org of e-pos: allwiese@lantic.net).

Woensdag 21 Desember 2011
Fokus op verslawing en gesinne
Moenie slegte gewoontes net aanvaar nie: Gewoontes kan van een geslag na die volgende een oorgedra word. (2 Kron.17:6). Goeie gewoontes weerspieël God se karakter. (Job 17:9). Goeie gewoontes is 'n keuse. (Tit.3:14). In die Nuwe Testament, beteken die Griekse woord manthano "om te leer" (op 'n manier) of om "in die gewoonte te kom". Gewoontes is aangeleerde gedrag, dus is dit moontlik om gewoontes te verander. (1 Tim.5:13). Een slegte gewoonte kan aanleiding gee tot ander slegte gewoontes. (Heb.3:10). Die Griekse woord hodos, wat "normale / pad of roete" beteken, word metafories in die Skrif gebruik en beteken " manier van optree of 'n denkwyse". 'n Christen is toegerus om slegte gewoontes te oorkom. (Heb.13:7). Soek hierdie skrifgedeeltes op en vra dat die Heilige Gees met jou sal praat oor slegte gewoontes in jou eie lewe. Besef jy dat jou gewoontes ook die gewoontes van jou kinders mag word? Is daar van jou gewoontes wat jy verkies ander nie van jou sal leer nie? Skryf dit neer en bid toenemend oor hierdie aspekte van jou lewe.

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed
Bid by name vir die Here se seën sodat groeiende gebedswagte stewig gevestig sal word: Lighthouse in Belhar (Peter, sel.: 073 165 7217, e-pos: gourmet@tiscali.co.za) en in Gordonsbaai (Annemie, sel.: 072 297 0750, e-pos: kingsgate@eaglesrising.org.za). *So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeur nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het* (Jes.55:11). Vra dat Christene bewus sal word van hierdie waarheid en sal begin om die Here se Woord met geloof hardop uit te lees (van Genesis tot Openbaring), as 'n proklamasie van hoop en redding oor hulle gemeenskappe. Vra dat die Woord van die Here ook die wat vasstaan in gebed vir deurbrake in hulle gemeenskappe, sal aanmoedig en versterk.

Donderdag 22 Desember 2011
Fokus op verslawing en gesinne
Die eienskappe van alle gewoontes: Gebruiklik- gebeur gereeld. Outomaties – gebeur sonder dat jy daaroor nadink. Gedragspatroon – weerspieël interne morele waardes. Intens – word sterker en kry algaande 'n groter houvas. Hardnekkig – duur voort en is moeilik om te verander. Bevredigend – verskaf 'n mate van plesier. Die Skrif is duidelik: Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal òf die een minder ag en die ander een hoër, òf vir die een meer oor hê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie (Luk.16:13). Spandeer tyd alleen met die Here vandag. Vra die Heilige Gees vandag om jou die slegte gewoontes in jou lewe te wys en kategoriseer hulle soos hierbo - wees eerlik met jouself. Wanneer ons die Here vra om ons lewens in sekere opsigte te verander, sal Hy baie graag ons gebede wil beantwoord! Hou vol met gebed oor hierdie saak: totdat jy 'n deurbraak sien kom. Onthou net dat dit tyd neem om gedragspatrone te verander.

Vrydag 23 Desember 2011
Fokus op sendelinge in die veld
Baie sendelinge neem hulle vakansie in Desember en spandeer dan tyd saam met familie, vriende en ondersteuners. Bid asseblief spesifiek vir sendelinge in Afrika dat hulle veilig sal reis, goed sal uitrus en

ook genesing en emosionele herstel sal beleef. Bid ook dat meer individue finansieel betrokke sal raak om hulle in die veld te ondersteun, sodat die werk onder die onbereikte mense van die wêreld kan voortgaan. (Chrissie Naude. Tel.: 012 343 1165. Webruimte: www.liveschool.org of www.worldmissioncentre.com of e-pos chrissien@liveschoolsa.org).

Pray 52: Week 17: Libanon / Sierra Leone (23-29 Des 2011)
Vra die Vader weer eens om die kerk met die krag van die Heilige Gees te vul, sodat baie na Jesus sal kom (Hand.4:28-31; Ef.5:18). Bid vir die kerk in Libanon en Sierra Leone dat hulle spesiaal tyd sal maak vir gebed vir die kerk en hulle land en volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 24 Desember 2011
Fokus op die gesin en familie
Dra families/individue aan die Here op wat hierdie Desember alleen is omdat 'n geliefde weggeval het, of wat deur 'n egskeiding is of wat nie by die huis kan wees as gevolg van omstandighede nie. Vra dat hulle hulleself nie aan hartseer sal oorgee nie, maar dat elkeen 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus en Sy liefdevolle goedheid sal hê. Bid dat families hierdie jaar tyd sal maak om saam te bid sodat daar deur die genade van die Here, deurbrake en versoening sal wees en oplossings vir jare lange vetes gevind kan word.

Fokus op behoeftige kinders in Israel
Baie Christen en Joodse organisasies is betrokke by die versorging van kinders. Hulle voorsien kos, leermateriaal, ens. Prys die Here vir Sy voorsienigheid en vir die wat vrywillig hulle hulp aanbied. Bid vir standhoudende voorsiening vir hierdie kinders, vir hulle liggaamlike en emosionele genesing, vir die wat verwerp en op straat is, wat dwelms gebruik of wat ly as gevolg van armoede en die voortslepende oorlog. (Christian Friends of Israel. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org of e-pos: allwiese@lantic.net).

Sondag 25 Desember 2011
Herlewingsfokus: Hoe moet ek bid? Met vrymoedigheid
(Ons het) 'n groot Hoëpriester, naamlik Jesus, die Seun van God. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan (Hebr.4:14,16). Wat beteken hierdie vers vir jou? Maak dit jou bewus van die kragteloosheid van jou gebedslewe? Dank God daarvoor. Dit is die heel eerste les wat ons nodig het op die pad na gebed wat kragtig werk. Laat ons volhard en elke saak met vrymoedigheid na die troon van genade neem. Terwyl ons bid, sal ons leer om te bid en om met toenemende vrymoedigheid te glo en te vertrou. Hou aan hierdie versekering vas: Dit is op God se bevel dat jy as voorbidder voor Hom sal kom staan. Jesus sal jou die genade gee om volgens Sy wil te bid. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

Kersdag: Die Woord word vlees
Vandag sal die meeste Christene in die Westerse wêreld Kersfees vier. Laat ons die plan en doel van God die Vader deur Sy Seun vir elke stam, taal, nasie en volk in Suid-Afrika en die res van die wêreld, uitroep. Ons verkondig dat Jesus Christus die Woord van God is, dat Hy die Skepper van alle dinge is, dat Hy die Lewe is en dat Hy die Lig is. Here Jesus Christus, ons verklaar vandag dat U die Lewende Woord van God is, U is die Weg, die Waarheid en die Lewe (Joh.14:16). Hemelse Vader, ons bid dat baie mense vandag die wonderwerk van die Woord wat vlees geword het sal begryp. Ons vra spesiaal vir die redding van diegene wat in verskeie hedendaagse godsdienste vasgevang is, dat hulle 'n ontmoeting met U sal hê sodra die lig van U waarheid in hulle donkerte inskyn.

Maandag 26 Desember 2011
Fokus op redding: Narkotiseurs en teaterpersoneel
Bid vir die narkotiseurs en personeel wat elke dag in die teater hulle werk doen. Vra dat hulle die emosionele stamina sal hê om traumatiese situasies te hanteer en dat hulle tot die Here Jesus sal uitroep in hulle nood. Bid dat hulle Hom van naby sal leer ken en openlik oor Hom sal getuig.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: Jou liggaam is 'n tempel: Vader, ons bely dat as U kerk in Suid-Afrika, ons vergeet dat ons fisiese liggame wat ons van God ontvang het, 'n tempel van die Heilige Gees is wat in ons woon. Ons vergeet dat ons nie aan onsself behoort nie. Skenk ons agting vir U tempel en verantwoordelikheid om ons liggame te versorg as 'n tempel van U. (1 Kor.6:1).

One Day in the Gap: Onthou om vir 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 27 Desember 2011
Fokus op verslawing en gesinne
Name op straat van Heroïen is Black Tar, Mud, Brown, Brown Sugar, Smack, Horse, Herries, ens. Tekens van verslawing sluit in 'n gebrek aan belangstelling in skool/werk/ verhoudings, onduidelike spraak, onnatuurlike kalmte, herhaalde infeksie. 'n Mens hoef hierdie dwelm net eenkeer in te kry om onmiddellik verslaaf te wees. Roep vandag tot die lewende God vir die verlossing van heroïen verslaafdes. Bid vir die kragtige werking van die Heilige Gees om hulle te wys in watter haglike toestand hulle lewens is en dat Hy hulle die krag sal gee om vry te kom. Hou aan om te bid dat die dwelmnetwerke dwarsdeur die land ontdek sal word en effektief uitgeroei sal word.

Woensdag 28 Desember 2011
Fokus op verslawing en gesinne
Gewoontes van die hart: Sondige gedagtes en emosies wat jy in jou hart koester, begin jou naderhand beheer en gee op die ou end aanleiding tot negatiewe gedrag. (Matt.15:19). Hieronder is 'n paar voorbeelde van gewoontes wat uit 'n "slegte" hart voortspruit. Skep moed en wees eerlik met jouself en met die Here. Bring dit wat in jou hart is, en waarvan jy bewus is, voor die Here en vra Hom om jou te verlos en te vergewe: woede, hoogmoed, skerp krities, minagting, afguns, vrees, gierigheid, jaloesie, wellus, materialisme, vooroordeel, rebellie, haatdraendheid, sarkasme, selfsugtige ambisie, hardkoppigheid, onvergewensgesind, bekommernis.

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed
Bid by name vir die Here se seën op groeiende gebedswagte sodat hulle stewig gevestig sal word: Lighthouse in Parow (Gavin, sel.:072 644 7788, e-pos: jerichogavin@yahoo.co.uk) en The Prayer Room in Kraaifontein (Paula, sel.: 084 825 9046). Bid vir die Taizé Huis van Gebed in Frankryk. Dank die Here vir die duisende jong mense wat hierheen stroom vanuit die hele Europa om tyd met Hom te spandeer. Bid dat hierdie Huis van Gebed sal aanhou groei en mense se lewens sal beïnvloed – ook mense in die regering.

Donderdag 29 Desember 2011
Fokus op verslawing en gesinne
Bedekte gewoontes: Mens besef nie altyd dat sommige van jou sogenaamde normale optredes skadelike verslawing is nie. Dit gebeur omdat jy nie daarvan bewus is dat jou negatiewe reaksies – bv. argumentering – al 'n gewoonte geword het nie. Dit kan ook wees dat die wêreld nie jou gewoonte – bv. werkverslawing – as negatief beskou nie. "Goeie" gedrag kan ook beheer oor jou lewe uitoefen en word só 'n sonde – bv. redding van persone in nood. (Pred.7:18). Spandeer tyd met Hom oor die volgende gewoontes: kompulsiewe argumentering, kompulsiewe versameling, kompulsiewe kompeterende

gedrag, kompulsiewe aankope op rekening, kompulsiewe skoonmaak, kompulsiewe onthaal, kompulsiewe oefening, kompulsiewe dobbelary, kompulsiewe gebruik van die Internet, kompulsiewe besluiteloosheid, kompulsiewe onnetheid, kompulsiewe organisering, kompulsiewe perfeksionisme, kompulsiewe uitstel, kompulsiewe lees, kompulsiewe godsdienstige take, kompulsiewe rituele, kompulsiewe inkopies, kompulsiewe laat wees, kompulsiewe tydvermorsing, kompulsiewe TV kyk, kompulsiewe werk.

Deurbraak in Bybel verspreiding
Dankie vir julle gebede vir die 12 000 Bybels wat bestem was vir 'n baie geslote land. Die Bybels is nou aan die beweeg. Hou asseblief aan met bid vir die werkers in hierdie en ander geslote lande vir nuwe strategieë om Bybels in te bring en veilig te versprei. Baie meer Bybels word benodig in die verskillende tale van die stamme in hierdie lande. (Bron: Vertroulik).

Vrydag 30 Desember 2011
Fokus op jongmense
Baie Graad 12's het so pas hulle uitslae gekry. Bid asseblief vir hulle, veral die wat nie deur is nie, dat hulle nie selfmoord sal pleeg nie. Bid vir die wat nog wag op 'n antwoord oor hulle studies of werk van volgende jaar. Vra dat die Here Homself aan baie jong mense sal openbaar as die fondasie van die ware lewe, terwyl hulle 'n heel nuwe seisoen in hulle eie lewens betree.

Pray 52: Week 18: Palestina / Somalië (30 Des 2011 – 5 Jan 2012)
Bid dat die kerk, wêreldwyd selfs meer aktief betrokke sal raak en sal uitreik na die armes en behoeftiges en ook die sosiale behoeftes en pyn in die gemeenskappe rondom hulle. (Ef.2:10; Isa.58). Bid vir die kerk in Palestina en Somalië, dat hulle spesifieke tye aan gebed sal toewy vir die kerk en hulle land en volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 31 Desember 2011
CMA jaareinde ontbyt vir motorfietsryers
Bring die Christian Motorcycles Association (CMA), wat vandag 'n uitreik aksie het, voor die Here in gebed. Hulle het 'n jaareind "breakfast run" waarheen al die motorfietsklubs uitgenooi word. Die Woord word voor ontbyt aan almal bedien. Bid by name vir die verskillende saamtrekke en pleit by die Here vir geestelike deurbrake in die lewens van motorfietsryers. Saamtrekke sluit in: 'The Blood', georganiseer deur Loyal Few MCC; die 'MCCmidnight run', 31 Desember by Hell Razors, The King's Kid MCC. (Bikers Church. Posbus 1755, Brackenfell, 7561. Tel.: 021 982 2303, faks: 021 982 0997. E-pos: bikercrc@mweb.co.za of leane@CMACapeTown.org.za).

Fokus op verslawing en gesinne
Vernietigende gewoontes: Afbrekende gewoontes veroorsaak 'n ongesonde emosionele atmosfeer en kan jouself en/of ander skade berokken. (1 Kor.6:19-20). Spandeer tyd met die Here op hierdie laaste dag van die jaar. Vra Sy hulp om jou – of miskien iemand wat jy liefhet – die vernietigende uitwerking van hierdie ongenaakbare gewoontes te laat verstaan en om te help om jou / sy / haar lewe aan Christus toe te wy. Van hierdie gewoontes sluit in: alkoholisme, dwelms, mishandeling, anorexia/bulimia, kullery, interafhanklikheid, skinder/kwaadpraat, immoraliteit/vulgariteit, onverantwoordelikheid, leuens, ooreet, buitensporige beheer uitoefen, vloek/verbale geweld, woede uitbarstings, selfvernedering, selfverheffing, selfskending, seksverslawing/pornografie, diefstal, tabakverslawing, geweld.
Stel grense vas: Die meeste van ons leer vinnig hoe om ons gedrag te regverdig. Ons rasionaliseer so goed, dat baie ongewenste gewoontes nooit opgemerk word nie – selfs nie deur onsself nie! Miskien ontken jyself die waarheid deur te dink: As dit nie regtig probleme veroorsaak nie, wat is fout daarmee?

Die Korintiërs het hulle eie slagspreuk: Vir my is alles toelaatbaar, maar Paulus waarsku dat, alhoewel ons vry is van die oordeel van die Wet, ons steeds aanspreeklik is vir gewoontes “wat nie in balans” is nie – gewoontes wat buite beheer geraak het. Oorweeg hierdie pertinente vraag: “Is jou gewoonte in beheer van jou?” Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie (1 Kor.6:12). Vra dat die Heilige Gees beheer oorneem van jou lewe in die komende nuwe jaar. Neem die “moeilike” besluite en vra die Here om jou ‘n nuwe mens in Hom te maak.